GARSFONTEIN MAS 73/1201

GW 7/15 A9 A

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

GAUTENG PROVINSIALE REGERING : GESONDHEID

VERSLAG OOR 'N REGSGENEESKUNDIGE LYKSKOUING

Doodregister Nr. 2439/2001

Aan die Landdros van: **PRETORIA**

Ek, **ALIDA ELIZABETH VAN DER HOVEN,** sertifiseer hiermee:

(i) dat ek te **DIE REGSGENEESKUNDIGE LABORATORIUM (RGL), PRETORIA,** op die **4de** dag van **Desember 2001** beginnende om **08h05** die liggaam van 'n **volwasse swart man** ondersoek het;

(ii) dat die liggaam vir my geïdentifiseer is-

(a) deur **Sers N A Lebese** van die RGL, Pretoria, as dié van DR **2439/2001**; en
(b) deur **V/A** op **10/10/2002** as diè van **ONBEKEND**
en wie se ouderdom na bewering/volgens skatting **VOLWASSE** was, en

(iii) dat die dood plaasgevind het, soos meegedeel op **03/12/2001** (die waarskynlike tyd van dood is nie tydens nadoodse ondersoek bepaal nie, weens yskasverkoeling);

(iv) dat die vernaamste lykskouingsbevindings in verband met hierdie liggaam die volgende was: **'n Volwasse swart man wat by lykskouing twee skeurwonde oor die kopvel sowel as 'n steekwond oor die regterdy posterolateraal toon waarvan die wondtraktus diep in die spier tot teenaan die femurskag strek. Daar is verder 'n subdurale bloeding aan die regterkant teenwoordig en al die organe is opvallend bleek aanduidend van erge bloedverlies.**

(v) dat, as gevolg van my waarnemings waarvan 'n lys hieronder volg, ek besluit het dat die **oorsaak van die dood** die volgende was:

STEEKWOND REGTERDY MET ERG BLOEDVERLIES IN 'N MAN MET 'N REGSSYDIGE SUBDURALE BLOEDING

Gedateer te **PRETORIA** op hede 6de dag van Februarie 2002

Handtekening: .....
Kwalifikasies: MBChB MMed (Anat Pat) MMed (Med Forens) GK (Gereg Pat)
Ampstitel: SPESIALIS

AFDELING: GEREGTELIKE GENEESKUNDE SPESIALISDIENS
Amptelike Posadres: POSBUS 2034, PRETORIA, 0001.
TEL: (012) 323-5298 FAX: (012) 323-0921

FdV/a

A9.1A

LYS VAN WAARNEMINGS:

ALGEMEEN: 'N VOLWASSE MAN

1. **Lengte:** 1,70m
   Massa: 59kg
   Liggaamsbou: Skraal
   Voedingstoestand: Bevredigend

2. **Spesifieke identifiserende kenmerke:** Die woorde "RAFAE" en "RAMBO" is getatoeër oor die fleksoraspek van die linker voorarm. 'n Dollarteken is getatoeër oor die fleksoraspek van die regter boarm en die woord "MAMBA" met 'n slang om 'n dolk gedraai is getatoeëer oor die fleksoraspek van die regter voorarm. Veelvuldige littekens kom oor die onderbene voor. Daar is verder twee littekens pariëto-oksipitaal en frontopariëtaal aan die linkerkant van die kopvel sigbaar.

3. **Sekondêre nadoodse veranderings:** Meganiese verkoeling en rigor mortis.

4. **Uitwendige voorkoms van liggaam en toestand van ledemate:**
Die liggaam is geklee in 'n sweetpak, windjakker, blokkieshemp en kortbroek. Grasse is oor die gesig anterior sigbaar. Die kophare is afgeskeer.

Oor die linker pariëto-oksipitale kopvel is 'n skeurwond 3 x 1 cm groot sigbaar, geleë 8 cm regs van die linkeroor. Oor die pariëtale kopvel meer na die kruin van die kop net links van die midlyn is 'n tweede skeurwond 2 cm lank sigbaar wat reeds vroeë roofvorming toon.

STEEKWOND:

'n Diep indringende groot steekwond 4 x 2 cm groot is teenwoordig oor die posterolaterale aspek van die regterdy, ongeveer 5 cm onder die gluteale vou, 78 cm vanaf die regterhak. Die wondrande is skoon en skerp en beide hoeke is gerond. Diep tot hierdie wond is daar 'n groot traktus teenwoordig wat die onderliggende spier deurdring tot op die skag van die regter femur. Daar is bloed in die omliggende sagteweefsel aanwesig.

KOP EN NEK

5. **Skedel:** Geen afwykings nie. Geen skedelfrakture is gevind nie.

6. **Skedelinhoud:** 'n Geringe subdurale bloeding is regs aanwesig en verder toon die brein geen afwykings nie.

7. **Oog-, neus- en oorholtes:** Nie geopen nie.

8. **Mond, tong en farinks:** Geen afwykings nie.

9. **Nekstrukture:** Geen afwykings nie.

BORS

10. **Borskas en diafragma:** Geen afwykings nie.

11. **Mediastinum en slukderm:** Geen afwykings nie.

12. **Tragea en brongi:** Die slymvlies is besonder bleek.

13. **Pleurae en longe:** Opvallend bleek.

14. **Hart en perikardium:** Die hartspier is opvallend bleek. In die posterior wand van die linkerventrikel is 'n subendokardiale bloeding aanwesig. Die koronêre arteries is sag en soepel.

15. **Groot bloedvate:** Die intima van die aorta is opvallend bleek.

BUIK

16. **Buikholte:** Geen afwykings nie.

17. **Maag en maaginhoud:** Die maag bevat 'n geringe hoeveelheid ligbruin vloeistof.

18. **Derms en mesenterium:** Uitwendig normaal maar nie geopen nie.

19. **Lewer, galblaas en galbuise:** Opvallend bleek.

20. **Pankreas:** Geen afwykings nie.

21. **Milt:** Opvallend bleek.

22. **Byniere:** Geen afwykings nie.

23. **Niere en ureters:** Opvallend bleek. Die regternier toon hidronefrose.

24. **Urienblaas en uretra:** Geen afwykings nie.

25. **Bekkenwande:** Geen sig- of tasbare frakture nie.

26. **Geslagsorgane:** Geen afwykings nie.

RUGGRAAT

27. **Ruggraat:** Geen sig- of tasbare frakture nie.

28. **Rugmurg:** Nie ondersoek nie.

A93A

Doodregister Nr. 2439/2001

MONSTERS GEHOU:

AARD VAN MONSTER	AARD VAN ONDERSOEK VEREIS	BESKIKKING OOR MONSTERS
Bloed - aksillêr, femoraal	Alkohol	Seëlnr. A854440 Monster oorhandig aan Insp. H. Venter

BI 1663 - no 020/3116.

VERDERE WAARNEMINGS: Die lykskouing is bygewoon deur Insp J H Viljoen, SAPD Garsfontein.

HISTOLOGIEVERSLAG: Geen.